

**23 Julie**

**Skrifgedeelte: Sagaria 7**

**Hou jou by jou voornemens**

Dit het eers by die riviere van Babel tot die ballinge deurgedring hoe diep hulle gesondig het. Toe het hulle eers verstaan waarom God die tempel in Jerusalem laat verwoes het. 'n Jaarlikse vastyd (gedurende die vyfde maand van elke jaar) is spoedig daarna uitgeroep om die verwoesting van die tempel vars in die geheue te hou. Ons kan aanneem dat hulle tydens dié vasdae vurig tot God gebid het en hulle hande baie diep in eie boesem gestee het. Hulle berou en voornemens was opreg. Na die terugkeer begin hulle dan ook dadelik met die herbou van die tempel. Dit word egter gestaak na die lê van die fondasie. Tien jaar later moes die volk skerp aangespreek word om die bouwerk te hervat. Dit is duidelik dat 'n geestelike verval ingetree het. Die vastyd het gaandeweg ook al meer oppervlakkig geword. Die volk het dit uiterlik bly vier, maar innerlik was daar nog weinig sprake van diep berou en verootmoediging. 'n Jaar of twee later versoek hulle dat die vastyd nou afgeskaf moet word omdat die tempel byna voltooi is. Die vastyd is mos nou nie meer nodig nie.

Het die volk dan nooit geleer dat God nie vasdae vra nie, maar gehoorsaamheid en liefde tot die naaste (verse 9-10). Ons as mense begin altyd opreg en vurig met 'n goeie saak, maar weens die sonde vind agteruitgang plaas. Ons neem byvoorbeeld pragtige nuwejaarsbesluite, maar teen Maart het ons reeds die meeste daarvan opgegee. Omdat ons van nature terugval moet ons elke dag ons voornemens opnuut gestand doen.

*Sing: Psalm 25:2*

*Ds AS Heystek (Akasia)*